

KOERSVAS


Jaargang 4 Uitgawe 81 26 Februarie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

OOR KERKSANG EN SUSTERSKERKE

In die 16e eeu (1500+) was sing binne die Christelike erediens die uitsluitlike voorreg van die kerkkore. Gemeentelede was bloot toeskouers. Die Kerkhervormers het hiermee 'n groot probleem gehad, en het hulle gemeentesang tydens hulle eredienste ingevoer. Met die praktiese inrig hiervan, was daar by die Hervormers twee benaderings: Zwingli (1484-1531) en Calvyn (1509-1564) het van die standpunt uitgegaan dat daar met alle vorme van vertoon en bekoring mee weggedoen moet word, insluitend orreliste, kore ... én kerkkorrels! Ook dat slegs Bybelse Psalms en Skrifgedeeltes waarby daar note gesit is, binne die erediens gesing mag word. Calvyn stel in 1539 'n Psalmboek vir hierdie doel in Geneve beskikbaar.

Martin Luther (1483-1546) het gemeentesang egter as verkondiging gesien en nie net Psalms en Bybelgedeeltes gebruik nie, maar het self ook Gesange gedig en musiek daarvoor gekomponeer. Hy het ook gepaste volksmusiek-melodieë gebruik en van verantwoordelike geestelike woorde voorsien. Binne hierdie tradisie het JS Bach (1685-1750) ook baie Gesange gekomponeer vir gebruik binne die Protestantse erediens.

Nadat die suiwering van die geloof in 1517 deur Martin Luther op 'n vaste baan geplaas

is, het die "Terug na die Bybel!" (*Sola Scriptura*) slagspreuk - deur Duitsland - oorgespoel na Nederland toe. Dit het die Hollanders egter 80 jaar (1568-1648) van verwoede oorloë gekos om van die Roomse (Katolieke) Kerk se oorheersing vry te kom. Vier jaar daarna, in 1652, kom Jan van Riebeeck as lid van die Hollandse Hervormde Kerk in die Kaap van Goeie Hoop aan.

Die eerste radikale verandering in kerkwees aan die Kaap tree in 1806, toe die Engelse die Kaap vir die tweede keer geannekseer het in, en wel danksy hulle verengelsingsbeleid. Die leierskap van die Kaapse (Hervormde) Kerk onderwerp hulle gewilliglik en gerieflik aan die Britse Koningin en kyk gelate toe hoe die Oosgrens-boere besteel en uitgemoor word. In 1824 word die eerste Kerkorde van die Kaapse kerk gepubliseer onder die naam van die "Nederduitsch Hervormde Kerk". Die eerste groepe grensboere begin in 1835 wegtrek om hulle in die noorde te gaan vestig. In 1842 verander die Kaapse kerk hulle naam amptelik na "Nederduits Gereformeerde Kerk". Ten spyte van talle pleidooie aan die Kaapse kerk om hulle geestelik in die noorde te kom versorg, word dit telkens daaraan onderhewig gemaak dat die Trekkers hulle aan die Britse koningin sal onderwerp – iets wat hulle botweg weier om te doen. Uiteindelik beroep die Voortrekkers in 1852 ds. Dirk van der Hoff, direk uit Nederland, om

hulle predikant te word. Hulle behou die naam “Nederduitsch Hervormde Kerk”.

Ondertussen is daar in Nederland, naas die Psalms en Skrifberyminge, ook Evangeliese Gesange tydens die eredienste gebruik. Dit lei tot groot verdeeldheid wat in 1834 tot die afskeiding van die Gereformeerde Kerk in Nederland aanleiding gee. Hierdie polarisasie het ook sedert 1839 oorgespoel na die Kaap met die “Gereformeerde-gesinde” predikante wat vanuit Nederland hier kom werk het. Dit sou formeel in 1859, met die aankoms van ds. Dirk Postma as Nederlandse Gereformeerde predikant, die rede wees waarom die Gereformeerde Kerk in Rustenburg gestig is.

Met die afwesigheid van sterk Protestantse leiers, het Metodisme met sy “gevoelsgodsdienst” die sterker invloed in die Kaap geword en het die Kaapse (NG) Kerk in baie opsigte geleidelik sy Protestantse karakter verloor. Met die ontdekking van diamante in Kimberley in 1866, en van goud aan die Witwatersrand in 1884, het talle Kapenaars (NG lidmate) om finansiële redes noordwaarts getrek. Die onderdrukking, miskennings en uitbuiting deur die Britse owerheid, het sedert 1877 ’n samehorigheid onder die Afrikaners gevestig en ’n behoefte om die verskille van die verlede agter te laat. Dit het uitgeloop op ’n kerkvereniging tussen die Kaapse NG Kerk en die Transvaalse Hervormde Kerk in 1885 - wat van korte duur was. Alhoewel baie Hervormde lidmate in die verenigde kerk (“NH of G”) agtergebly het, kon die kleiner NHK sy kosbare protestantse teologie en gemeentesangbeginsels behou. Die Gereformeerde Kerk het buite die vereniging gestaan.

KERKSANG: KERN-ARGUMENTE

Die opvatting dat álles in die Bybel “God se Woord” is, en *Sola Scriptura* as een van die Kerkhervorming se ononderhandelbare beginsels, het die basis gevorm van die redenasie dat slegs dit wat in die Bybel geskryf staan, binne die erediens toegelaat mag word. Mettertyd is besef dat Dawid se Psalms ’n menslike getuigenis oor God is, en

dat selfs die inhoud van die prediking ’n menslike interpretasie van die Bybel se inhoud is. Die grondliggende Protestantse beginsel is egter steeds dat die teologiese inhoud van sy Kerkliedere, Bybels korrek moet wees.

DIE ROL VAN KERKSANG ONDER KERKE

Terwyl daar kerke is wat openlik musiek gebruik om sy lidmate emosioneel en selfs psigies op te sweep, is dit die Woord en woord-inhoud wat by die Protestantse kerke op die voorgrond staan. Die melodie en begeleiding moet onopmerklik wees sodat die woorde “uit een mond en nugter” deur die gemeente aangebied kan word – óf as loflied tot God, óf as onderlinge geloofsbelydenis – maar beslis nie as ’n geleentheid om lekker te kry nie. Die Kerkhervorming het alle vorme van ydelheid uit die erediens verwyder sodat die suiwer Woord-verkondiging tot sy reg kon kom.

Ds Gawie Wolmarans

2016-03-10

BERIGTE

- Prof H G van der Westhuizen was in die hospitaal om ’n pasaangeër te ontvang. Hy was skaars in Pretoria toe is hy al weer uit en terug Vryburg toe. Hy is al weer druk besig. Ons bid hom voorspoed toe. Ons hoop die pasaangeër kan byhou by prof Hennie se tempo.

- Ds Frans Oosthuizen sal DV op 13 Maart 2016 om 11:00 bevestig word te **Meyerspark** as hulle nuwe predikant. Ds Elmien sal ook bevestig word by die geleentheid, steeds as Polisie kapelaan. Baie geluk aan albei van hulle. Die gemeente sien saam met u uit na ’n nuwe fase.

- Hervormde Gemeente **Ysterberg** (Potgietersrus) maak op die oomblik gebruik van ds. Gawie Wolmarans as pastorale hulp.

Hulle sekretariële beamppte se kontak besonderhede:, Marie du Toit **083 258 5259**.

- **Vaalwater** gemeente is vakant. Dr Malan Storm gaan elke tweede week daar preek en die gemeente pastoraal bystaan.

- **Roedtan** gemeente sal deur ds. Elmien Oosthuizen bedien word tot einde Junie 2016.

- **Pietersburg** gemeente het 'n kontrak met ds. Thys Fourie onderteken. Hy sal in die gemeente werksaam wees tot einde Desember 2016, waarna die kerkraad weer oor bediening sal besin.

- GHG predikante gaan D.V. op 27-28 April 2016 bymekaar kom om in diepte oor die doop te praat; alvorens daar gekyk sal word na nuwe formuliere. **Alle predikante word opgeroep** om die byeenkoms by te woon. U moet u teenwoordigheid bevestig. gimwol@yahoo.com.

- Gemeente Meyerspark doen weekliks besoek by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf "**Hervormd**" of "**GHG**" by "Kerkverband" op die registrasie-vorm.

- Aros berig: Uiteindelik kan ons deurgee dat die Bybel Antwoordboek Gr 8 – Gr 10 nou beskikbaar is. U kan dit bestel by Boekenhout teen R45-00 'n boek. Letje van der Kruk; Boekwinkelbestuurder Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies Dickensonlaan 1180, Waverley, PTA Posadres: Posbus 31120, Totiusdal, 0134 T: 012 332 3227 www.aros.ac.za

KENNISGEWINGS

Advertensies

Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Premiemyn Hervormde Kerk se jaarlikse Passiespel vind DV plaas op 11 Maart 2016. Almal is welkom om dit by te woon.

- Steve Hofmeyr tree op by Premiemyn Hervormde Kerk. Saterdag 23 April 2016. Bepaalde sitplekke nog beskikbaar. Kontak Alta vir kaartjies 082 682 1252

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

•Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by **018 381 1494**.



*JAARLIKSE GEMEENSKAPS
PASSIESPEL
ANNUAL COMMUNITY PASSION
PLAY*

VIA DOLOROSA

IN CULLINAN

11 MAART/11 MARCH 2016

Alta 0826821252

Babie 0826083523

Almal welkom

**Individue en gesinne welkom.
Kontak Yvette Otto vir oudisies en/
of navrae @ 0722237522**



**23 April 2016 om 19:00
Hervormde Kerk, Cullinan
H/v Zonderwater & R515
R200-00 per persoon
Kerrie & Rys R30-00
Besprekings: Alta 082 682 1252**